NUUSBROKKIES

Sondag 28 Januarie 2024

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag

25 Januarie	Mev E (Eunice) de Bruyn, eggenote van ds DJ (Dirk) de Bruyn – GK Mosselbaai
26 Januarie	Mev J (Judie) Coetzee, eggenote van ds HS (Fanie) Coetzee – GK Potchefstroom-Die Bult
	Mev M (Misa) van Staden, eggenote van ds F (Floris) van Staden – GK Stilbaai
28 Januarie	Dr C (Chris) Botha – GK Die Kandelaar
	Mev J (Jozelle) Smit, eggenote van ds PW (Wouter) Smit – GK Vereeniging
	Mev C (Charlene) Venter, eggenote van ds EA (Erasmus) Venter – GK Okahandja
	Ds EJ (Ernest) Vogt – GK Vaalwater
29 Januarie	Prof HG (Henk) Stoker - TSP
30 Januarie	Mev V (Veronica) van Rooy, eggenote van ds HC (Charl) van Rooy – GK Randburg

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

25 Januarie	Ds D (Dirk) van’t Zand – GK Witpoortjie
26 Januarie	Mev AC (Christina) Postma, weduwee van ds D (Dirk) Postma – GK Frankfort
27 Januarie	Mev MM (Marthie) van der Walt, eggenote van ds PJ (Pieter) van der Walt – GK Bethlehem
	Ds GJ (Bertie) Ligthelm – GK Olifantshoek

29 Januarie	Mev NJ (Ina) Fouché, weduwee van dr DR (Daan) Fouché – GK Potgietersrus
31 Januarie	Mev MM (Martha) Mafojane, eggenote van ds MJ (Jacob) Mafojane – GK Khutsong

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberig

Ds Benjamin Companie, emerituspredikant van GK Westdene (Steynsburg), is op 11 Januarie 2024 oorlede. Ds Companie was die predikant van GK Lyciumville 1972-1980 en GK Westdene 1980-2010 waarna hy geëmeriteer het.

Ons innige meelewing met mev Marlene Companie met die afsterwe van haar eggenoot, ds Benjamin Companie.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Ds GS (Gerrit) Kruger van GK Centurion na GK Burgersdorp
- Ds EJ (Ernest) Vogt van GK Vaalwater na GK Hartbeespoort as medeleraar

Bevestigings

Ds Brahm Robinson, word op Saterdag, 27 Januarie 2024, deur ds Reinder Kingma en ds Reynold Fourie, beide van GK Bellville-Oos, as medeleraar van GK Bellville-Oos bevestig.



Ds Hardus Lee, word op Sondag, 28 Januarie 2024, deur ds Jandré van Jaarsveld van GK Boksburg, as predikant van GK Pretoria-Alkantrant bevestig.

Ds Daniël Myburgh word op Saterdag, 3 Februarie 2024, deur ds Jacques Kuhn van GK Tsumeb, as predikant van GK Otjiwarongo (Namibië) bevestig. Ds Myburgh lewer op Sondag, 4 Februarie 2024 sy intreepreek.

Proponent Jandré Coetsee, word op Saterdag, 3 Februarie 2024, deur ds Dinant Zwemstra van GK Strand, as predikant van GK Kleinmond bevestig. Ds Coetsee lewer op Sondag, 4 Februarie 2024 sy intreepreek.

Ds Jaco Lemmer, word op Saterdag, 3 Februarie 2024, deur prof Albert Coetsee van die TSP, as predikant van GK Cachet bevestig.

Proponente beroepbaar gestel

Proponent KN Lepodise (Koketso)
Sel: 073 717 4394
E-pos: koketsolepodise@gmail.com

Proponent Thina Nthangeni
Sel: 072 085 7146
E-pos: tcnthangeni@gmail.com of nthangenit@elections.org.za

Proponent Desmond en Lesy Magayisa
Sel: 072 903 8229
E-pos: dmagayisa@yahoo.com

Proponent NP (Philip) Wepener
Sel: 083 454 6035
E-pos: npwepener@gmail.com

Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose
Sel: 063 211 9497
E-pos: pastormatroseinfo@gmail.com

Proponent C.J. (Christiaan) en Marlize Swanepoel
Sel: 073 769 0455
E-pos: cjswan4@gmail.com

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Loof die Here, alle nasies,
roem Hom, alle volke,
want magtig oor ons is sy troue liefde,
ja, die trou van die Here is vir ewig.
Halleluja!

Psalm 117:1 en 2

KOM NEEM DEEL AAN

Onse Kategismus vir Kinders!

Ons soek videodeelnemers aan Onse Kategismus vir Kinders: Die Tien Gebooie.

1) Kan jy vir ons ‘n selfoonopname stuur van (jou eie of ander) kinders/katkisante/skoliere/volwassenes wat die Tien Gebooie opsê?

2) Die selfoon moet dwars gedraai wees (landskapformaat).

3) Dit kan ‘n groep kinders wees. Of een. Of 2 of 3.

4) Elke kind kan bv een Gebod op opsê en die laaste gebod almal saam.

5) Probeer om ‘n nabyskoot/kop en skouer skoot van die kind(ers) te kry.

6) Ook informele opnames tussen ‘n pa of ma en kind(ers)/kleinkinders word verwelkom.

7) Ons soek die beste moontlike kwaliteit en genoeg lig op die onderwerp.

8) Dit moet verkieslik nie per WhatsApp gestuur word nie, omdat WhatsApp die video’s baie verklein. Kontak ons vir alternatiewe versendingsopsies.

9) Met Telegram kan mens bv groter video leêrs stuur. Kies dan die opsie: Send as file.

10) U kan dit ook gratis per WeTransfer stuur aan reformeer@gmail.com

11) U kan dit ook via Google Drive stuur na reformeer@gmail.com

12) Ons vra tans ‘n paar gemeentes en individuele predikante/kategete en ouers om ons spesifiek opnames van die Tien Gebooie te stuur. Enige ander vrywilligers/belangstellendes kan ook vir ons video’s aanstuur.

13) Indien u so vriendelik sal wees om te help, laat weet ons so gou moontlik van u voorneme.

14) Die afsnydatum vir ontvangs van die video’s is einde Februarie 2024.

Bonus opnames sal waardeer word:

Kinders wat kyk na die Onse Kategismus vir Kinders
Die gedagte is dat ek uit ‘n verskeidenheid opnames intercut van een kind(ers) na die volgende kind(ers) en volwassenes per frase van bv Die Tien Gebooie … om aan te toon die wyer kringende onderrig van kinders.

Vervaardigers: Woorde uit sy Woning.
Navrae: Gustav en Ina Opperman +27 83 65 02186.
E-posadres: reformeer@gmail.com
Ons ontvang graag terugvoer.



Expando webinare: Gebed – 2024

Datum in 2024	Onderwerp	Aanbieder
1 Februarie	Waarom is gebed noodsaaklik	Ds Thomas Dreyer
8 Februarie	Die inhoud van my gebed	Ds Hanno van Schaik
15 Februarie	Gebedsverhoring	Ds Fanie Coetzee
22 Februarie	Die gesindheid waarmee ek bid	Ds Jaco Lemmer
29 Februarie	Die Heilige Gees en gebed	Prof Gert Breed

Hierdie webinare word aangebied vir alle gelowiges, Bybelstudie- en kleingroepe maar ook vir Kerkrade. Die webinare begin almal om 19:00 en duur tot min of meer 20:00 en bestaan uit ‘n lesing en geleentheid vir vrae.

U ontvang ter voorbereiding ‘n Bybelstudie en vrae wat u na die lesing kan beantwoord vir praktiese toepassing.

Laat weet asb as u wil deelneem by gkexpando@gmail.com Gert Breed

DIE GEREFORMEERDE KERK CARLETONVILLE BIED AAN

"IN U LIG" 2024 Konferensie

TEMA: SKRIFBESKOUING IN DIE GKSA

Datum: 3 Februarie 2024
Plek: h/v Topaz- en Pewter plek, Carletonville (Kaolinstraat 157)
https://maps.app.goo.gl/PfT6s8LsCnxcsMm16

Spreker: dr. Christiaan Jooste* (GK Waterberg)

Program: Saterdag, 3 Februarie
08:00–09:00 *Registrasie en koffie*
Opening: 09:00
09:15–10:00 Lesing 1: Gereformeerde Skrifbeskouing – Beginselstelling
10:00–10:15: Bespreking
10:15–11:00 Lesing 2: Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke – Historiese perspektief
Bespreking en koffie&tee: 11:00–11:30
11:30–12:15 Lesing 3: Een op grond van die Skrif – Die pad vorentoe
Bespreking: 12:15–13:00
Afsluiting, ete en saamkuier: 13:00
Kostes (Saterdag): R50-00 per persoon, verversings en ete ingesluit.
RSVP voor Sondag, 28 Januarie 2024

"*Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig*." (Ps. 36:10)

**Dr Christiaan Jooste is 'n boorling van die Wesrand en het in Krugersdorp groot geword. Na 'n tydjie in die boerderybedryf het hy die roeping gevolg om predikant te word en bedien drie gemeentes in Pretoria (Innesdal/Eloffsdal en Wonderboompoort). Hy is tans predikant van GK Waterberg in Nylstroom. Hy is getroud met Irma en het vyf kinders (vier dogters en 'n seun). Hy behaal sy Doktorsgraad in Ou Testament met spesifieke fokus op Deuteronomium se opdrag om die kinders te onderrig.*

VERDERE NAVRAE: Slabbert Le Cornu
082 770 2669 of slabberto@gmail.com

1954 - 2024

70 JARIGE FEESVIERINGE

ALLE LIDMATE EN OUD LIDMATE WORD UITGENOOI OM
DIE 70STE FEESVIERINGE SAAM MET DIE
GEREFORMEERDE KERK THABAZIMBI TE KOM GENIET

FEBRUARIE

SATERDAG & SONDAG

24 & 25

2024

RSVP VOOR DIE 16DE FEBRUARIE BY KITTY:
014 772 1866 [BEL]
073 713 7718 [WHATSAPP]
OF EPOS KANTOOR@GKTBZ.CO.ZA

PROGRAM

SATERDAG : BRING EN BRAAI

15:00	*KOM BY MEKAAR BY KERK*
16:00	*STEEK VURE AAN*
17:00	*VERWELKOMING,* *GROETEBOODSKAPPE VAN PLAASLIKE PREDIKANTE*
18:00	*TAFELGEBED* *BRING EN BRAAI* *KUIER* *SING PSALMS* *HUISGODSDIENS/AFSLUITING*

REËLINGS VIR BRING EN BRAAI:

ELKE GESIN BRING HULLE EIE EETGEREI, STOELE, VLEIS, DRINK GOED ASOOK 'N SLAAI (GENOEG OM JOU GESIN EN 'N EKSTRA PERSOON TE VOED).

SONDAG : FEESVIERINGE

09:30	*KERK DIENS*
11:00	*PROGRAM IN KERK* *GROETEBOODSKAPPE VANUIT KLASSIS*
12:00	*ETE IN DIE SAAL*

REËLINGS VIR SONDAG ETE:

ELKE GESIN BRING EIE DRINK GOED. SUSTERS VOORSIEN DIE ETE EN EETGEREI.